

# Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| February 2017 Edition 2

## 2017 Budget focuses on the poor



Ongezwa Mogotsi and Amukelani Chauke

Finance Minister Pravin Gordhan recently tabled a budget that emphasises the need for transformation for all.

In his Budget Speech he outlined government's plans to make the economy stronger and service delivery to citizens efficient.

To achieve these objectives South Africa has to go through radical transformation.

"To achieve sustained high-growth there are also more

fundamental, radical transformation measures that are needed. These relate, in particular, to economic power," said Minister Gordhan.

He said the relationships between labour and capital, rich and poor, black and white, men and women, town and townships, among others, still reflect the entrenched legacy of colonialism and apartheid.

"Wealth is produced and allocated along lines that remain fundamentally unjust. The ownership of assets and

the distribution of income is captured by a minority of the population – a situation that is morally wrong and economically unsustainable.

"We agree with President Zuma that a new perspective on economic transformation is required," said Minister Gordhan.

### Transformation for growth

For the country to achieve sustained higher growth, there are fundamental, more radical transformation measures that are needed said Minister Gordhan.

"The relationships between labour and capital, rich and poor, black and white, men

and women, town and township, urban and rural, still reflect the entrenched legacy of colonialism and apartheid."

He said the principles that should guide transformation include:

- Transformation must be mass-based, benefiting the most disadvantaged South Africans through the creation of new assets, capabilities and opportunities to build livelihoods.
- Mobilise both private and public investment in social and economic infrastructure, new technologies and new activities that help

● Cont. page 2

### Radical socio-economic transformation

Radical socio-economic transformation will help to grow the economy in a way that will include all South Africans and will ensure true reconciliation and prosperity.

Through transformation the country can achieve a more balanced structure of ownership and control of the economy.



**Forestry projects empower EC communities**

Page 10



**Support for small businesses**

Page 14



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

f Vuk'uzenzele

Websites: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)

[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

E-mail: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Tel: (+27) 12 473 0179

**Free Copy**



Image: <http://www.youthvillage.co.za>

### Centenary celebration of Oliver Tambo

*A nation that does not take care of its youth has no future and does not deserve one.*

– OR Tambo

### PROVIDING SOCIAL SUPPORT TO THE POOR

A social grant is the most direct way to alleviate poverty. By 2020, social grants will reach 18.1 million South Africans, mainly children (12.8 million) and the elderly (3.6 million).

The child support grant is expected to increase by R25 in 2017/18 while the foster care grant will go up by R30. The old age pension grant will increase by R95 a month in 2017/18.

2016/17 <sup>1</sup>	2017/18
<b>STATE OLD AGE GRANT</b>	
R1 505	R1 600
<b>STATE OLD AGE GRANT, OVER 75s</b>	
R1 525	R1 620
<b>WAR VETERANS GRANT</b>	
R1 525	R1 620
<b>DISABILITY GRANT</b>	
R1 505	R1 600
<b>FOSTER CARE GRANT</b>	
R890	R920
<b>CARE DEPENDENCY GRANT</b>	
R1 505	R1 600
<b>CHILD SUPPORT GRANT</b>	
R355	R380

<sup>1</sup>. Average grant value

### CONSOLIDATED SPENDING 2017/18

<b>R243.0 bn</b>	Basic education
<b>R241.6 bn</b>	Economic affairs & agriculture
<b>R198.7 bn</b>	Defence, public order & safety
<b>R195.8 bn</b>	Human settlements & municipal infrastructure
<b>R187.5 bn</b>	Health
<b>R180.0 bn</b>	Social protection
<b>R168.4 bn</b>	Other
<b>R77.6 bn</b>	Post-school education & training
<b>R70.7 bn</b>	General public services

Source: National Treasury

## Bosbouprojek bemagtig Oos-Kaapse gemeenskappe

**OOS-KAAPSE** provinsiale-regerings-entiteite bemagtig gemeenskappe in die streek.

### Siya Miti

**R**egeringsentiteite in die Oos-Kaap het bome ter waarde van miljard rande geplant, danksy verkoopsooreenkomste wat gesluit is om die South African Pulp and Paper Industries (Sappi) van hout te voorsien. Dit het daartoe gelei dat landelike gemeenskappe 100 persent-eienaars van bosbouprojekte ter waarde van etlike miljoene rand is.

Tot dusver het die Oos-Kaapse Ontwikkelingskorporasie en die Oos-Kaapse Landelike Ontwikkelingsagentskap (ECRDA) die kommersialiseringsprojekte vir bosbou met R113 miljoen se befondsing ondersteun.

R56 miljoen is reeds aan die vyf projekte bestee, naamlik Sinawo en Izinini in Mbizana, Mkambati in Flagstaff, Gqukunqa in Qumbu en Sixhotyeni in

Maclear.

Die veldtog vir bosboukomersialisering word ook gerugsteun deur 'n toelae ten bedrae van R83 miljoen van die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika se Werkfonds, wat 2 700 hektaar (ha) se bosaanplanting in die vyf projekte befonds het.

Meer as 800 werksgeleenthede is geskep en 'n bykomeinde 1 000 ha sal teen Maart 2017 aangeplant word.

Nowinile Giyose-Gasela, 'n lid van die gemeenskap wat vir die Mkhambathi Land Trust werk, sê dat die bosbouprojekte wat deur die gemeenskap besit word 'n "lewensveranderende ervaring" is.

"Die lewe het heelwat verander sedert hierdie projek begin het. Party van ons het nie werk gehad nie. Die las is nou verlig omdat ons kos op die tafel kan sit en ons kinders skool toe kan

stuur," sê Giyose-Gasela.

ECRDA se hoof uitvoerende beampte, Thozi Gwanya, het 'n uiteensetting van die vyf projekte se vordering gegee.

Die Sinawo-projek in Mbizana is nou amper gereed om gekommersialiseer te word. Dit verkoop reeds hout aan SAPPi vir papiermeulens. In 2015/16 het die Sinawo-projek R7 miljoen gegeneer uit die verkoop van hout en het twee trekkers en

'n bakkie gekoop.

"In 2015/16 is 16 bykomende personeellede aangestel, wat die totale aantal werknemers op 208 te staan bring. Daar was ook 113 korttermynwerknemers."

Izinini het R3,5 miljoen bestee aan die aanplant van 111 ha se bloekombome. Dit bring die totale oppervlak van die grond wat in 2015/16 aangeplant is op 335 ha te staan. Daar is nou 60 voltydse permanente werknemers in diens.

mers in diens.

In Sixhotyeni is R4,4 miljoen in 2015/16 bestee en 39 mense is permanent in diens geneem, wat die totale aantal voltydse personeellede op 86 te staan bring.

**"Die lewe het heelwat verander sedert hierdie projek begin het ..."**

'n Bedrag van R85 miljoen is in Gqukunqa bestee, met altesaam 65 hektaar grond wat aangeplant is.

In Mkambathi is R5 miljoen bestee en 78 ha se bloekombome is aangeplant, wat die totale aangeplante oppervlak op 668 ha te staan bring. Die Mkambathi-projek het inkomste van R803 949 uit houtverkope gegeneer.

Volgens Gwanya was sommige van die projekte grondhervestigingsprojekte, wat die werk makliker gemaak het omdat hulle reeds regmatige eienaars gehad het. ■



■ Lede van die gemeenskap by die Mkambati-bosbouprojek, naby Flagstaff, werk aan 'n projek wat hulle besit.

## Plaaseienaars gee die pas aan

**WYNBOERE IN DIE WES-KAAP** het besluit om hul deel te doen om hul werkers te bemagtig en pluk die vrugte daarvan.



■ Baie plaaswerkers sal voordeel trek uit die regering se beleid wat begunstigdes sal help om mede-eienaars te word van die grond waarop hulle werk en leef.

### Amukelani Chauke

**D**ie eerste ding wat die Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, Gugile Nkwinti, opgemerk het tydens sy onlangse besoek aan die Solms-Delta Wynlandgoed in Franschhoek naby Kaapstad, was "menslike integrasie".

Hy het gesien hoe goed die verskillende rasse oor die weg kom op die plaas, waar die eeulange eienaars 'n 50-persent-aandeel aan die werkers verkoop het.

Die Solms-Delta Wynlandgoed, wat in 1690 gestig is, het 'n deel van sy ekwiteit aan plaaswerkers in die Wijn De Caab Trust verkoop, wat daartoe gelei het dat werkers nou hul sakevennote geword het op die plaas van 54 hektaar.

Minister Nkwinti het die plaas besoek om die Beleid oor die Versterking van die Relatiewe Regte van Mense wat die Grond Bewerk bekend te stel.

Die regering poog om deur hierdie beleid bevoorreedes, hoofsaaklik plaaswerkers en mense wat daar woon, te help om permanente verblyfreg te verkry op die eiendom waar hul werk of woon en om ekonomiese belange in die landbougrond en besighede waar hul woon en werk te bekom.

Minister Nkwinti het die gevestigde wynboere geprys omdat hulle die weg gebaan het met

die 50/50-beleid voordat dit geïmplementeer is.

"Ek dink professor Mark Solms is een van die onbaatsugtigste Suid-Afrikaners, omdat ons nie eers van sy plaas geweet het nie. Hy het gehoor van die program wat ons ontwikkel het," sê Minister Nkwinti.

Professor Solms, 'n mede-eenaar van die wynlandgoed, sê dinge gaan goed op die plaas sedert hulle die beleid geïmplementeer het en 'n 50-persent-aandeel aan die Wijn De Caab Trust verkoop het.

**"Nadat sy as 'n huishulp vir Professor Solms gewerk het, is Sussana Malgas vandag 'n gekwalifiseerde erfenisgids."**

"Ek is baie trots. Mense kan kom kyk na wat ons doen en sien dat dit nie 'n slegte ding is nie. Hierdie plaas is 'n wonderlike plek. Dit is 'n baie goeie gemeenskap."

Sussana Malgas het voorheen as 'n huiswerker vir professor Solms gewerk, maar is deesdae 'n gekwalifiseerde wyn-en-erfenisgids. Malgas is een van die bevoorreedes en direksietrustees van die Wijn De Caab Trust.

Sy sê die lewe op die plaas het aansienlik verbeter, omdat werkers nou seggenskap in die plaas se sake het. ■

# Oos-Kaapse gemeenskap kry nuwe pad

**DIE LIBODE-WISSELAARBRUG** sal die plaaslike gemeenskap bevoordeel.



Thami Sesmani

Die Libode-wisselaarbrug op die R61 in die Oos-Kaap het padveiligheid vir alle padgebruikers in hierdie landelike gebied verbeter.

Die verbeterings aan die wisselaar en oorwegbrûe op die R61-pad beteken korter reistye, beter veiligheid vir voetgangers en motoriste; en minder ongelukke op die R61.

"'n Lid van die gemeen-

skap, Mthuthuzeli Xotyeni (30), sê die pad was voorheen 'n nagmerrie vir inwoners. "Die pad was baie nou. Voetgangers is deur motors raakgery wanneer hulle op die geel streep gestap het. Ons het elke maand tussen drie en vier ongelukke op hierdie pad gehad."

Hy sê dat alles met die

**"... die omstandighede is nou baie beter en ons is tevrede met die pad."**

nuwe pad nou verander het. "Noudat die pad opgeknop is, is die omstandighede baie beter ... en ons is tevrede met die pad."

Die dorpie Libode is ongeveer 36 kilometers vanaf Mthatha geleë.

Die Departement van Vervoer het 'n wisselaarbrug

opgerig by Libode, asook een voertuigkruising, een voertuigduikweg, een voetgangerbrug, taxi-staanplekke en syaadjies. Agt kruisings is geformaliseer en opgeknop, nuwe padtekens is opgerig en padmerke is verbeter.

Die verbeterings, wat oor 'n afstand van 21,5 kilometers vanaf Ngqeleni na Libode strek, het ongeveer R371 miljoen gekos en is in net meer as twee jaar voltooi.

Die projek het werk geskep vir 37 klein, medium en mikro-ondernemings, waarvan vyf deur vroue besit word en 22 deur jeugdiges. Die waarde van die KMMO-werk was altesaam R79,27 miljoen.

Die projek het werksgeleenthede vir 795 mense geskep, waaronder 381 jongmense, 125 vroue en een persoon met 'n gestremdeheid. Opleiding is ook aan

303 mense verskaf.

Die Departement van Vervoer het 'n vennootskap met die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk (Sanral) gesluit om die onderontwikkelde padinfrastruktuur in die gebied te verbeter.

Die Minister van Vervoer, Dipuo Peters, sê dat Sanral in die 2015/2016-finansiële jaar voltooide padinfrastruktuurontwikkelingsprojekte ter waarde van R1,4 miljard in die Oos-Kaap gelewer het.

"Die nuwe voetgangerbrug sal dit vir 1 200 skoolkinders veiliger maak, en vir hul ouers, families en onderwysers gemoesdrus gee," het minister Peters tydens die amp telike opening van die R61 gesê. ▀

*\*Thami Sesmani werk vir die Departement van Vervoer.*

## Steun vir kleinsakeondernemings

**SUID-AFRIKA HET 'N** toenemende aantal vroulike entrepreneurs en die regering het programme geïmplementeer om hierdie ondernemings te help groei.

Die *Global Entrepreneurship Monitor* het aan die lig gebring dat die tipiese Suid-Afrikaanse entrepreneur manlik en tussen 25 en 44 jaar oud is. Die aantal vroue-entrepreneurs neem egter toe en hulle begin ondernemings wat voorheen oorwegend deur mans oorheers is.

Die Kleinsakeontwikkelingsagentskap (Seda) het opgemerk dat 72 persent van alle mikro-ondernemings en 40 persent van klein ondernemings tans deur vroue besit word. Die regering en privaat ondernemings het programme en fondse beskikbaar gestel wat daarop gerig is om die vroue van Suid-Afrika te bemagtig.

Hulp is beskikbaar deur agentskappe soos die Seda, wat ondersteuning aan hierdie ondernemings bied. Seda is 'n agentskap

van die Departement van Kleinsakeontwikkeling wat nie-finansiële steun aan klein sakeondernemings en koöperasies bied.

Een so 'n onderneming is Nomcebo Consulting Enterprise cc T/A Nomcebo Printers, wat in die mid-dedorp van Lydenburg in Mpumalanga geleë is. Die alleeneienaar van die onderneming wat in 2004 begin is, is Nomcebo Sibanyoni, wat die sakewêreld suksesvol aandurf.

Nomcebo Printers bied grafieseontwerp-, druk- en dokumentdienste. In die 10 jaar sedert die besigheid formeel funksioneer, het dit nou 22 permanente werkers in diens, insluitend die eenaar.

Die maatskappy het nou uitgebrei om volskaalse produksiedrukwerk te doen. Die groei van die onderneming het egter met uitdagings gepaardgegaan, soos, onder meer, onvol-



■ Nomcebo Printers groei geweldig vinnig danksy die ondersteuning van die Kleinsakeontwikkelingsagentskap.

doende sakebestuursvaardighede en beperkte toegang tot markte.

Seda het die onderneming gehelp om 'n gesonde finansiëlebestuurstelsel te ontwikkel, asook opleiding in en implementering van die stelsel. Seda het die kliënt

ook van EMPRETEC-opleiding voorsien, wat die gedragbekwaamhede van suksesvolle entrepreneurs verbeter het, en hulle gehelp met die ontwikkeling van 'n gehaltebestuurstelsel en die verkryging van SABS-sertifisering.

Seda se ondersteuning, saam met die entrepreneur se toewyding en harde werk, het daartoe gelei dat Nomcebo Printers as die wenner van die 2016 *Eskom Business Investment Competition* (BIC) aangewys is.

Die kompetisie erken entrepreneurs in die kategorieë vir vervaardiging, handel en dienste, konstruksie en ingenieurswese, asook landbou en landbou-verwerking vir hul innoverende ondernemings wat 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die stryd teen werkloosheid en armoede en ook tot ekonomiese groei bydra.

**Voorsien deur die Kleinsakeontwikkelingsagentskap (Seda) ▀**

**Vir meer inligting oor Seda, besoek: [www.seda.org.za](http://www.seda.org.za) of skakel 0860 7663 729**